higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

(8011003)

26 Februarie 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

056Q1S2026

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

1.1 Die Grondwet verseker dat Suid-Afrika 'n demokratiese en oop samelewing is.

1.2 Behoorlike staatsbestuur verseker die uitbuiting van die burgers van 'n land.

1.3 Die president van Suid-Afrika kan onder geen omstandighede uit sy amp onthef word nie.

1.4 Telkom is die grootste steenkoolproduserende staatsorgaan.

1.5 'n Tradisionele raad moet minstens een keer per jaar met sy tradisionele gemeenskap vergader om rekenskap van sy aktiwiteite en finansies te gee.

1.6 'n Koning is 'n vrou wat 'n tradisionele gemeenskap regeer.

1.7 Toesighoudende beginsels verseker dat regeringsfere mekaar monitor en bystaan wanneer belangrike besluite geneem word.

1.8 Die Uitvoerende Raad op provinsiale vlak is soortgelyk aan die Kabinet.

1.9 Alle staatsinstansies moet saamwerk om onder andere vrede te handhaaf.

1.10 Die premier van 'n provinsie kan ook deur minstens twee derdes van die lede van die Provinsiale Raad uit sy/haar amp onthef word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die volgende mense moet aan tradisionele gemeenskapslede se vraagstukke aandag gee.

A Hoofmanne en -vroue
B Landdroste en advokate
C Burgemeesters en raadslede
D Priesters en pastore

2.2 In die verlede is die grootste gedeelte van Europa, insluitend Brittanje, deur erfleiers regeer wat uit die volgende bestaan het:

A Presidente en sjefs
B Besitters en besitloses
C Meesters en bediendes
D Konings en koninginne

2.3 Eskom voorsien die volgende produk aan die mense van Suid-Afrika.

A Elektrisiteit
B Water
C Steenkool
D Houtskool

2.4 In die Grondwet word basiese menseregte in hierdie hoofstuk bespreek.

A Inleiding
B Slot
C Regte van die Einde
D Handves van Regte

2.5 Wie moet ná 'n algemene verkiesing by die eerste sitting van die Nasionale Vergadering verkies word?

A Premier
B President
C Burgemeester
D Hoofregter

2.6 Die uitvoerende gesag wat 'n land regeer.

A Koukus
B ANC
C Huidige regering
D Opposisie

2.7 Die persoon verantwoordelik vir plaaslike regering in 'n betrokke provinsie:

A Premier
B Burgemeester
C Predikant
D Onderwyser

2.8 EEN van die hooffunksies van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers.

A Om die rol van tradisionele leierskap te ondersteun
B Om die hoofde, konings en hul bediendes te betaal
C Om die reg te handhaaf en toe te pas
D Om plaaslike munisipale kantore te ontwikkel

Kopiereg voorbehou

2.9 Die aantal provinsies in die Republiek van Suid-Afrika:

A 6
B 4
C 7
D 9

2.10 Die volgende departement is hoofsaaklik verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde in Suid-Afrika.

A Suid-Afrikaanse Inkomstediens
B Departement van Binnelandse Sake
C Suid-Afrikaanse Polisiediens
D Departement van Onderwys

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Nomadies	A	uitsluitende reg op volkome politieke beheer oor 'n staatsgebied of mense
3.2	Ontheffing van die President	B	om diere mak te maak
3.3	Raadslid	C	Departement van Justisie
3.4	Gewoontereg	D	kategorie van interregeringstruktuur
3.5	Interregeringsbetrekkinge	E	demokratiese party
3.6	Statutêre tradisionele leierskapstruktuur	F	opgestel deur wetgewing, nie gewoontereg nie
3.7	Die President se Koördineringsraad	G	die drie regeringsfere
3.8	Soewerein	H	om van plek tot plek te loop op soek na weiding
3.9	Staatsdepartement	I	hou toesig oor wyksaktiwiteite
3.10	Domestikeer	J	identifiseer die koninklike gesin
		K	ernstige skending van die Grondwet
		L	brandbestryding

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Nasionale Raad van Provinsies; bestuur; tyd; hoofmanskap; burgemeester; Nasionale Vergadering; gebied; beheer; uitvoerende komitee; koningskap

4.1 Staatsbestuur is die handeling van of wyse waarop 'n staat (a) ..., georganiseer en (b) ... word.

4.2 Die (a) ... en die (b) ... formuleer en aanvaar beleid vir Suid-Afrika, wat uitgedruk word in wetgewing (wette) en deur die uitvoerende gesag geïmplementeer moet word.

4.3 Misdaadtendense verwys na verskillende tipes misdade wat in 'n spesifieke (a) ... oor 'n spesifieke (b) ... periode gepleeg word, byvoorbeeld rooftogte.

4.4 Die munisipale raad moet 'n lid van sy (a) ... tot (b) ... verkies.

4.5 (a) ... en (b) ... is tipiese tradisionele vorms van leierskap wat met betrekking tot gebruiklike instellings en strukture in Suid-Afrika beoefen word.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Gee TWEE voorbeelde van ondernemings in staatsbesit. (2)

5.2 Noem drie basiese vraagstukke van *staatsbestuur*. (5)

5.3 Beskryf kortliks *gemeenskapspolisiëring.* (3)

5.4 Besin kortliks oor waarom interregeringsbetrekkinge belangrik vir goeie staatsbestuur is. (3)

5.5 Noem SEWE strategiese doelstellings van die Witskrif oor plaaslike regering, 1998, met betrekking tot interregeringsbetrekkinge. (7)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae. Skryf die antwoorde langs die vraagnommer (6.1–6.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOSTER, Noordwes – Winkels in buitelanders se besit is Woensdagnag in Reagile, 'n klein dorpie in Koster, geplunder ná 'n gewelddadige dienslewerings protes. 'n Groep mense het by 'n plaaslike stadion gedreunsing waar 'n vergadering vroeër gehou is en 'n ander groep het nabygeleë winkels geplunder. Die eiendom van die burgemeester van die Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit, Kim Medupe, insluitend haar huis en gastehuis, is tydens die protes aan die brand gesteek toe inwoners amok gemaak het en die klein boerderydorpie wes van Rustenburg tot stilstand gebring het. Skole en ondernemings is gesluit nadat die protesteerders alle ingange na Koster met klippe, brandende buitebande en boomstompe versper het. Hulle het basiese munisipale dienste geëis, maar Medupe het gesê dat die protes nie oor dienslewering gehandel het nie.

[Bron: *eNCA.com, 24 Mei 2018*]

6.1 Bespreek die rol wat die wyksraadslede van die Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit kan speel om dienslewerings betogings te voorkom. (3)

6.2 Verduidelik hoe die verskillende munisipale rade hul wetgewende bevoegdhede kan gebruik om 'n herhaling van gebeure in die bostaande scenario by wyse van verordeninge te voorkom. (5)

6.3 Bespreek die rol wat die plaaslike regeringsfeer kan speel om betogings te voorkom, soos in die scenario aangedui.

Jou bespreking behoort hul funksies, rolle en verantwoordelikhede in te sluit. (12)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

VRAAG 7

Bespreek die nasionale regeringsfeer.

Sluit die volgende in:
- Wetgewende gesag
- Funksie
- Uitvoerende gesag
- Funksie

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou